**28 Maart**

**God handhaaf sy eer**

**Skrifgedeelte: Jesaja 48:1-11**
**Fokusgedeelte: Jesaja 48:10, 11**

In die smeltkroes van die ellende van die ballingskap het God sy volk ter wille van sy Naam gelouter, vanweë hulle afvalligheid en troueloosheid. Deurdat hulle redding direk verbind is aan sy Naam, het Hy bekend gemaak dat Hy hulle nie sal vernietig nie, want dan sou Hy ontrou wees aan sy verbond. Daarom, omdat Hy die eer wat Hom toekom, aan niemand anders gee nie (vs 11), het Hy hulle laat terugkeer na hulle land. Dáár is Jesus gebore. Deur Hom word almal wat in Hom glo, uit die woestyn van die sonde gered en bestem vir die ewige Kanaän.

Ons waarborg daarvoor lê daarin dat God sy eer handhaaf en sy beloftes vervul. Die bewys daarvan is dat Hy, toe die tyd daarvoor ryp was, sy eniggebore Seun aan die smeltkroes van die hel van Godverlatenheid prysgegee het om ons te verlos van ons selfopgelegde, verdiende ballingskap met al sy ellende vanweë ons sonde. Want Hy wil deur sy volk geëer en verheerlik word. Hy maak weer nuut wat deur die sonde vernietig is.

Ter versterking van my geloof dra ek sedert my doop sy Naam op my voorhoof as teken van die belofte dat ek vir ewig die Naam van God op my voorhoof sal dra (Openb 3:12) 'n Groter versekering as dit is daar nie. Dankbaar daarvoor verhef ek sy Naam, só hoog in heerlikheid, vir ewig en altyd. Want, Soli Deo Gloria! "Aan Hom, die God wat ewig lewe, sy ewig lof en eer gegewe" (Sb 35:3).

*Sing: Psalm 138:1* *Dr. DR Fouché (Emeritus)*